

ES ARGIEF

Verw. PV 9

**INVENTARIS VAN DIE
TIENIE (MSF) GROBLER VERSAMELING**

Opgestel: Z. Botha

2016

Voorwoord:

Marthinus Stephanus Francois Grobler (oom Tienie) is gebore op 1 Nov. 1904 te Doornhoek, Marico distrik. Hy is die oudste seun van Gerhardus PJ Grobler, bittereinder oudstryder gedurende die Vryheidsoorlog en Hester M van Zyl wat die Mafiking konsentrasiekamp met haar ouers en twee jonger susters oorleef het. Getroud met Aletta Schoeman (Lu) een van die tweelingdogters van Bernardus Schoeman oudstryder en krygsgevangene St Helena en Anna Bosman dogter van Ds. HS Bosman predikant Pretoria 1876-1926. Twee kinders is uit die huwelik gebore, Gerhardus Petrus en Reinette Grobler.

Oom Tienie gaan na Doornhoek laerskool, daarna na Lichtenburg Hoerskool en doen sy Teologiese opleiding by die Sending Instituut te Wellington.

Vanaf 1929 is hy o.a. pioniersendingeling in die Transkei en Oos-Griekwaland en stigter van die eerste sendingstasie Emhlangeni (Rietvlei) in die Transkei.

Hy neem gedurende 1937 beroep na Pretoria aan en in 1946 na Zeerust waar uitgebreide gebiede met groot seën bearbei word.

In 1958 tot 1977 tree hy toe tot die politieke lewe en word hy LV vir die Marico kiesafdeling. Hy behartig met sukses die veelvuldige belange van een van die mees uitgestrekte kiesafdelings in Transvaal, wat die distrikte Marico, Swaruggens, Koster en grootste gedeelte van Thabazimbi ingesluit het.

Hy dien op verskillende belangrike Parlementêre gekose komitees en bepleit en oortuig die Kabinet en destydse Dept. van Verdediging van die noodsaaklikheid van die oprig van 'n Militêre Basis te Zeerust.

Hy verkry vir Zeerust o.a. 'n modern doeltreffende spoorwegloods, 'n nuwe Poskantoor en ombouing van die geskiedkundige landdroskantoor.

Op maatskaplike gebied neem hy deel op verskillende terreine o.a. die President van die Marico Distriks Landbou unie, 1948-1957 asook Voorstitter van die Zeerust Hospitaalraad, Zeerust Skouvereniging ens.

Tydens sy verblyf in Pretoria en gedurende die Tweede Wereld oorlog was hy op verskeie terreine betrokke by byna alle kultuuraksies soos die FAK en Pretoriase Kultuurraad. Hy is die stigter van die 1ste Jukskei laer te Capital Park en medestigter van die Transvaalse Jukskei Bond in 1939 in die NG Kerkzaal te Langlaagte in Johannesburg onder oom Tienie van Schoor as President.

Hy was ook die mede eerste stigterslid van die Ossewabrandwag Pretoria en is ingesweer as eerste OB Generaal van Pretoria deur wyle Kol. Laas. Hy is geïnterneer op 30 Mei 1940 en saam met ander offisiere in die Leeukop Tronk aangehou. Deur bemiddeling van Dr. J Holloway word hy eers onder huisarres en later plaasarres op sy plaas Rhenosterfontein gehou tot 1944.

Inhoudsopgawe

B1

A. Korrespondensie

1

B. Ossewa-Brandwag

1

C. Diverse

1